| Plak asseblief die strepieskode hier |
|---|

**TOTALE PUNTE**

INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2022

# AARDRYKSKUNDE: VRAESTEL I

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

Tyd: 3 ure

200 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 40 bladsye, Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Lees die vrae noukeurig deur.
3. **AL DRIE VRAE IS VERPLIGTEND.**
4. **Beantwoord AL die vrae op die vraestel en dien dit aan die einde van die eksamensessie in. Onthou om jou eksamennommer in te vul in die spasie wat op die vraestel voorsien word.**
5. Krediet sal gegee word vir:
   - interpretasie
   - verduideliking
   - bewys van persoonlike waarnemings waar dit van toepassing is op die vraag.
6. Jy word aangemoedig om sketskaarte, diagramme en ander verklarende tekeninge te gebruik om jou antwoord, waar van toepassing, te ondersteun.
7. Let op die puntetoekenning.
8. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
9. DRIE blanko bladsye (bladsye 38 tot 40) is aan die einde van die vraestel ingesluit. Indien jy te min spasie vir 'n antwoord het, gebruik hierdie bladsye. Dui die nommer van jou antwoord duidelik aan indien jy hierdie ekstra spasie gebruik.

---

**SLEGS VIR GEBRUIK DEUR NASIENERS**


| **Vraag** | **1** | **2** | **3** | **Totaal** |
|---|---|---|---|---|
| **Punte** | 100 | 50 | 50 | **200** |
| **Punte behaal** | | | | |

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 1 GEÏNTEGREERDE VRAAG: DIE DREINEERBEKKEN VAN DIE LIMPOPORIVIER EN LIMPOPO ('N PROVINSIE IN SUID-AFRIKA)


Bestudeer Figuur 1 en Figuur 2, kaarte van die dreineerbekken van die Limpoporivier (Suider-Afrika) en Limpopo ('n provinsie in Suid-Afrika) deeglik.

**Figuur 1: Kaart van die dreineerbekken van die Limpoporivier, Suider-Afrika**




[Bron: <limpopo.riverawarenesskit.org> Hatfield 2010]

**Figuur 2: Kaart van Limpopo, Suid-Afrika**




[Bron: <Suedafrika.net>]

## 1.1 Geografiese Vaardighede en Tegnieke

Verwys na Figuur 1.

1.1.1 Wat is die algemene rigting waarin die Limpoporivier by Beitbrug ("Beitbridge") vloei?

______________________________ (1)

1.1.2 Bereken die direkte afstand (km) van Chokwe af tot by die mond van die Limpoporivier.

______________________________ (2)

1.1.3 Die Steenbokskeerkring is net noord van Polokwane. Wat is die breedtegraad van die Steenbokskeerkring?

______________________________ (1)

1.1.4 Wat is die ware peiling vanaf Mbabane na Maputto?

___

(2)

Verwys na Figuur 2.

1.1.5 Stropery is 'n voortslepende bedreiging vir wild in die Nasionale Kruger-wildtuin ("Kruger National Park"). Omgewingsbewaarders maak van GIS gebruik om stropery te monitor en te beveg. Klassifiseer die volgende data van stropery as attribuut- of ruimtelike GIS-data.

(a) Koördinate vir breedte- en lengtegraad waar renosters doodgemaak is.

___ (1)

(b) Ligging van drade wat geknip en beskadig is.

___ (1)

(c) Spesie, ouderdom en geslag van diere wat gestroop is.

___ (1)

(d) Getal renosters wat doodgemaak is.

___ (1)

1.1.6 Watter pad sou 'n motoris gebruik om van Mokopane in 'n NW rigting te ry na Botswana toe?

___

(1)

1.1.7 Noem die hoofstad van Limpopo.

___

(1)

1.1.8 Wat is die lengte (km) van die Nasionale Kruger-wildtuin van noord na suid?

___

(2)

1.1.9 Watter land in Figuur 2 het sy naam in 2018 na eSwatini verander?

___

(1)


IEB Copyright © 2022

## 1.2 Ekonomiese Aardrykskunde

**Feiteléêr: Phalaborwa, Limpopo**

- Bevolking (geskatte) 168 000
- Myndorp – Phalaborwa Mining Company: Die grootste produsent van koper in Suid-Afrika; 5 000 mense in diens
- Was oorspronklik 'n oopgroefmyn maar nou is dit 'n ondergrondse myn. Dit sluit prosesse van ontginning, konsentrasie, smelting en raffinering in
- Fosfate, vermikuliet, sirkoon, magnetiet en uraan word ook geproduseer
- Minerale word plaaslik verkoop en ook uitgevoer
- Naby die Nasionale Kruger-wildtuin (sien Figuur 2), wildlewe-toerisme belangrik in die gebied

**Figuur 3: Kaart van die Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatiewe (neem kennis van die ligging van die Phalaborwa ROI)**




[Bron: Semantic Scholar]

Skryf 'n geografiese opstel waarin jy die rol van Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatiewe in ekonomiese ontwikkeling ondersoek. Die fokus is die Phalaborwa ROI (Limpopo).

Gebruik die volgende onderopskrifte as 'n riglyn:
- Agtergrond van die Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatiewe-program (ROI-program): Doel-stellings en mikpunte.
- Faktore wat ekonomiese aktiwiteite beïnvloed: ekonomiese, fisiese, politieke en sosiale faktore (kort kommentaar op elk van die faktore).
- Faktore wat ontwikkeling van nywerhede in streke begunstig sowel as belemmer.
- Die bydrae van mynbou en toerisme tot die Phalaborwa ROI.
- Ekonomiese bande tussen die Phalaborwa ROI en die Suider-Afrika streek.

Jy kan jou algemene kennis en begrip van ROI's gebruik maar spesifieke verwysing moet na die Phalaborwa ROI gemaak word wanneer vereis. Die rubriek hieronder sal gebruik word om jou opstel te assesseer.

| **Kriteria** | **Punte** |
|---|---|
| **Skryfvaardighede**<br>• Neem struktuur en aanbieding in ag<br>• Gebruik kort inleiding en slotsom<br>• Logiese bespreking en gebruik van onderopskrifte | **5** |
| **Inhoudskennis**<br>• Korrekte gebruik van geografiese terminologie en konsepte<br>• Hou by onderwerp en onderopskrifte | **15** |
| **Ondersteunende bewyse – analise en begrip**<br>• Die vermoë om die onderwerp te analiseer en evalueer word in hierdie kategorie geassesseer<br>• Verwysing na gevallestudiemateriaal / feitelêer / bronnemateriaal<br>• Indien toepaslik moet daar verwys word na bekende / plaaslike of ander voorbeelde | **5** |

IEB Copyright © 2022


(25)

IEB Copyright © 2022

## 1.3 Klimaat en Weer

Bestudeer Figuur 4 en Figuur 5 wat betrekking het op Tropiese Sikloon Eloise wat die Limpoporivier en omliggende gebiede in Januarie 2021 beïnvloed het.

**Figuur 4: Pad van die Tropiese Sikloon Eloise**




[Bron: Wêreld Meteorologiese Organisasie]

**Figuur 5: Oorstromings in Mosambiek na Tropiese Sikloon Eloise**



[Bron: Wêreld Meteorologiese Organisasie]

1.3.1 Kies die korrekte antwoord vir elk van die onderstaande stellings. Skryf jou antwoord in die spasie toegelaat, bv. 1.3.1 (a) F.

(a) Op 26 Januarie 2021 om 16:00 was Eloise in hierdie stadium van ontwikkeling:

A volwasse.
B wording.
C ontbinding.
D onvolwasse.

| 1.3.1 (a) | |
|---|---|

(1)

(b) Voor 22 Januarie 2021 het Eloise oor die Mosambiekkanaal (Indiese Oseaan) in sterkte toegeneem as gevolg van:

A Coriolis-krag wat ontbreek by breedtegrade 15º–20º S.
B koel seestrome in die Indiese Oseaan gedurende Januarie.
C konvergensie van die westelike wind in die ITKS.
D verdamping, kondensasie en die vrystelling van latente hitte.

| 1.3.1 (b) | |
|---|---|

(1)

(c) Gedurende die nag op 22 Januarie was daar 'n stormstuwing wat veroorsaak is deur:

A antikloksgewyse beweging van lug van Eloise.
B sterk winde.
C diep seebodem.
D warm Mosambiek-seestroom.

| 1.3.1 (c) | |
|---|---|

(1)

(d) Die volgende toestande is op 22 Januarie 2021 <u>in</u> die 'oog' van Eloise waargeneem:

A afname van lugdruk en afname van windspoed.
B dalende lug en digte cumulonimbus wolke.
C toename van lugdruk en swaar reënval.
D toename van windspoed en reënval.

| 1.3.1 (d) | |
|---|---|

(1)

(e) Die sterkte van Eloise het oor die binneland van Mosambiek, Suid-Afrika en Botswana afgeneem na 'n tropiese depressie en oorblywende laagdruk as gevolg van:

A minder wrywing oor die land.
B effens laer temperature en toename in lugdruk.
C toename in verdamping en kondensasie oor hierdie lande.
D droër lug wat die hoeveelheid latente hitte laat toeneem.

| 1.3.1 (e) | |
|---|---|

(1)

IEB Copyright © 2022

1.3.2 Lande in die suidwestelike Indiese Oseaan (bv. Madagaskar, Mauritius, Mosambiek) het 'n vyfjaarprojek van stapel gestuur om die operasionele voorspelling en multi-risiko vroeë waarskuwingstelsels te verbeter in hierdie streek wat blootgestel is aan klimaatverandering, stygende seevlakke en uiterste weerstoestande. Hierdie gebied het die afgelope dekades gebuk gegaan onder 'n toename in frekwensie en intensiteit van skokke wat verband hou met die klimaat. (Verslag van die Wêreld Meteorologiese Organisasie, Januarie 2021.)

(a) Verduidelik waarom daar onlangs 'n toename in frekwensie en intensiteit van tropiese siklone in hierdie streek was.

(6)

(b) Motiveer die belangrikheid van vroeë waarskuwingstelsels en die voorspelling van tropiese siklone vir lande in die groter Limpoporivier dreineerbekken.


(4)

IEB Copyright © 2022

## 1.4 Nedersettings

Bestudeer Figuur 6, 'n uittreksel van 'n topografiese kaart van die nedersettings langs die Limpoporivier in noordelike Limpopo, Suid-Afrika.

**Figuur 6: Uittreksel van topografiese kaart 2229BA**




[Bron: 1: 50 000 Topografiese kaart 2229BA]

1.4.1 Kies die korrekte antwoord vir elk van die onderstaande stellings uit die gegewe opsies tussen hakies. Skryf jou antwoord in die spasie toegelaat.

(a) Die nedersetting Over Vlakte is 'n (gehuggie / landelike dorpie / geïsoleerde plaasopstal / dorp).

________________________________________ (1)

(b) Boerdery op Over Vlakte is (kommersieel / net bewerkte lande / bestaansboerdery / droëlandboerdery).

________________________________________ (1)

IEB Copyright © 2022

(c) Die landerye op Over Vlakte is sirkelvormig as gevolg van (grondtoestande / spilpunte vir besproeiing / kultuur en tradisie / regulasies van Dept. Landbou).

________________________________________ (1)

(d) Die nedersettingspatroon op Over Vlakte is (liniêr / sirkelvormig / verspreid / stervormig).

________________________________________ (1)

(e) Die plaas Nottingham is in (Suid-Afrika / Zimbabwe / Limpopo / Mosambiek) geleë.

________________________________________ (1)

1.4.2 Verduidelik waarom Over Vlakte 'n voorbeeld van 'n *natpunt*-nedersetting is.

________________________________________

________________________________________ (2)

1.4.3 Brei uit op **een** voordeel en **een** nadeel van die *standplaas* van Over Vlakte.

Voordeel: __________________________________

________________________________________

________________________________________ (2)

Nadeel: ___________________________________

________________________________________

________________________________________ (2)

1.4.4 Beskryf die *ligging* van Over Vlakte.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________ (2)

IEB Copyright © 2022

1.4.5 Verduidelik hoe die GIS-proses van *bufferskepping* 'n boer op Over Vlakte kan help met die bestuur van oorstromings na 'n gebeurtenis soos Tropiese Sikloon Eloise.

(4)

1.4.6 Stel **drie** strategieë voor wat die Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling kan implementeer om landelike ontvolking van plaasnedersettings langs die Limpoporivier om te keer.

(6)

IEB Copyright © 2022

## 1.5 Geomorfologie

**Figuur 7: Rivier wat swaar afkom na Tropiese Sikloon Eloise: Nasionale Kruger-wildtuin**



[Bron: Nasionale Kruger-wildtuin; SA People News, Januarie 2021]

1.5.1 Bestudeer Figuur 7. Kies die korrekte opsie uit dié wat gegee is vir elke stelling. Skryf jou antwoord in die spasie toegelaat, bv. 1.5.1 (a) F.

(a) Die vloei van die rivier oor die pad in Figuur 7, is:

A turbulent.
B oorgeërf.
C laminêr.
D antesedent.

| | |
|---|---|
| 1.5.1 (a) | |

(1)

(b) Die dominante fluviale proses / prosesse wat in die rivier in Figuur 7 plaasvind is:

A neerlegging en korrosie.
B erosie en neerlegging.
C vervoer en erosie.
D terugsnydende erosie.

| | |
|---|---|
| 1.5.1 (b) | |

(1)

IEB Copyright © 2022 

(c) Op 'n hidrogram sal hierdie rivier (Figuur 7) tipies die volgende wys:

A 'n geleidelik stygende been.
B hoë spitsvloei.
C lang vertragingstyd.
D hoë basisvloei.

| 1.5.1 (c) | |
|---|---|

(1)

(d) Die dominante tipe vloei wat in Figuur 7 gesien kan word, is:

A deurvloei.
B kanaalvloei.
C basisvloei.
D grondwatervloei.

| 1.5.1 (d) | |
|---|---|

(1)

(e) Gedurende hierdie oorstromingsepisode sal die rivier in Figuur 7 geklassifiseer word as *oorgegradeer* omrede:

A die verkleinde gradiënt.
B verhoogde wrywing.
C verminderde energie.
D toename in afvloei.

| 1.5.1 (e) | |
|---|---|

(1)

IEB Copyright © 2022

1.5.2 Bestudeer Figuur 8, 'n foto van die Tzaneendam wat gebou is in die Letaba-rivier, 'n sytak van die Limpoporivier in Limpopo.

**Figuur 8: Tzaneendam**



[Bron: Departement Water en Sanitasie]

(a) Verduidelik wat met die erosiekrag van die Letabarivier gebeur wanneer dit in die Tzaneendam invloei. Voorspel die langtermynimpak van hierdie fluviale proses op die dam.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (4)

(b) Verduidelik waarom die Tzaneendam geklassifiseer is as 'n *tydelike erosiebasis* op die lengteprofiel van die Letabarivier.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (1)

(c) Verduidelik waarom daar stroomaf van die wal van die Tzaneendam tekens van verjonging kan voorkom. Stel **twee** gevolge van die verjonging van die stroomkanaal stroomaf van die damwal voor.

(6)

(d) Die Departement van Water en Sanitasie se Visie is, 'die effektiewe bestuur van die land se waterbronne om sodoende in die behoeftes van die huidige en toekomstige geslagte te voldoen'.

Demonstreer die belangrikheid van die bestuur van die rivier en sy opvanggebied vir die ekonomie en bevolking van Limpopo.

(6)
**[100]**


IEB Copyright © 2022

## VRAAG 2 KLIMAAT, WEER EN GEOMORFOLOGIE

### 2.1 Sinoptiese en Streekweeranalise


Bestudeer Figuur 9, 'n sinoptiese weerkaart, saam met Figuur 10, 'n satellietbeeld, vir 4 Januarie 2021.

**Figuur 9: Sinoptiese weerkaart, 4 Januarie 2021**




[Bron: Suid-Afrikaanse Weerdiens]

**Figuur 10: Satellietbeeld, 4 Januarie 2021**




[Bron: Kobus Botha Weather]

2.1.1 Verwys na Figuur 9. Kies die korrekte antwoord uit die onderstreepte opsies om die volgende stellings WAAR te maak. Skryf slegs die korrekte woord(e) in die spasie toegelaat.

(a) Die lugdrukkenmerk wat A gemerk is, is 'n … <u>kuslaagdruksel / laagdruktrog / koue front / tropiese sikloon.</u>

______________________________________________________________________ (1)

(b) Die lugdruksel wat B gemerk is, is 'n … <u>tropiese sikloon / tropiese laagdruk / tropiese storm / koue front.</u>

______________________________________________________________________ (1)

(c) Die lugdruksel wat C gemerk is, stulp uit en is dus in 'n … <u>statiese / inkrimpings- / rug- / winter</u>-posisie.

______________________________________________________________________ (1)

IEB Copyright © 2022

2.1.2 Bespreek die rol wat die subtropiese hoogdrukgordel speel om die weerpatrone hierdie tyd van die jaar te bepaal.

(6)

2.1.3 Verwys na Figuur 10. Die wolkbande dui die areas aan waar daar 'n groot moontlikheid van donderstorms en reën is. Lyndonderstorms word op 4 Januarie 2021 in hierdie gebied verwag. Die vogfront is in rooi gemerk.

(a) Gebruik 'n diagram met byskrifte om te verduidelik waarom daar heel waarskynlik lyndonderstorms op 4 Januarie 2021 sal wees.

(5)

(b) Verduidelik waarom dit onwaarskynlik is dat die koue front wat suid van Kaapstad is die weer in Kaapstad merkbaar sal beïnvloed (verwys na Figuur 9).

(4)

(c) Verwys na die Risikoweerwaarskuwingstelsel hieronder wat die Suid-Afrikaanse Weerdiens (SAWD) gebruik.

**Figuur 11: Risikoweerwaarskuwingstelsel wat deur die SAWD gebruik word**

| Waarskynlikheid | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Hoog | | 2 | 6 | 10 |
| | Medium | | 1 | 5 | 9 |
| | Laag | | | 4 | 8 |
| | Baie Laag | | | 3 | 7 |
| | | Minimaal | Min | Aansienlik | Erg |
| | | Impak | | | |

[Bron: Suid-Afrikaanse Weerdiens]

'n Vlak-2 waarskuwing is uitgereik vir die gebied waar lyndonderstorms verwag is. Mense is gewaarsku dat ontwrigtende weertoestande kan voorkom. Bespreek wat bedoel word met *ontwrigtende weer* en omskryf wat die mense in die gebied te wagte moes wees.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

(4)

2.2 **Moloporivier-dreineerbekken**


Verwys na die Feitelêer van die Moloporivier-dreineerbekken sowel as Figuur 12, 'n kaart van die Moloporivier-dreineerbekken.

**Feitelêer: Moloporivier-dreineerbekken**

Die oorsprong van die Moloporivier is 'n natuurlike oog of fontein wat by D (Figuur 12) tussen Groot Marico en Lichtenburg geleë is. Hiernaas is 'n foto van hierdie oorsprong.

Die rivier se algemene vloeirigting is weswaarts deur Mmabatho. Die middelloop van die Moloporivier vorm die grens tussen Botswana en Suid-Afrika.


Die rivier se vloei is onderbroke en wanneer dit vloei is die vloeispoed laag as gevolg van die geleidelike helling. Die rivier het sowat 100 jaar gelede die laaste keer water in die Oranjerivier onder die Augrabieswaterval ingevoer.



**Die Molopo-oog**

[Bron: Eksaminator se foto]

**Figuur 12: Moloporivier-dreineerbekken**




[Bron: By Hans Braxmeier & amp; Peter ins <https://maps-for-free.com, CC BY-SA 2.0>, <https://commons.wikimedia.org/w/index.php?curid=93193342>]

2.2.1 (a) Identifiseer die kenmerke van 'n dreineerbekken wat E en F op Figuur 12 gemerk is.

E:____________________________________________

F:____________________________________________

(2)

(b) Noem die **twee** lande wat by F ontmoet.

____________________________________________

(2)

IEB Copyright © 2022

2.2.2 Kies die korrekte antwoord uit die opsies wat onderstreep is om die volgende stellings WAAR te maak. Skryf slegs die woorde neer in die spasie toegelaat.

(a) Die hoofsytak van die Moloporivier is die Kuruman- / Auob- / Oranje- / Nossobrivier.

______________________________ (1)

(b) By E kan die Molatswanarivier in die Naledirivier insny en die hoofwaters afvoer na die Molatswanarivier. Watter van die volgende omstandighede sal dit bevorder? 'n Geleideliker helling / Afname in reënval en afloop / Toename in terugsnydende erosie / Meer weerstand-biedende rots.

______________________________ (1)

(c) Die tipe vloei van die Moloporivier se dreineerbekken kan geklassifiseer word as episodies / eksoties / standhoudend / sentripetaal.

______________________________ (1)

(d) Die bron van water by D, die Molopo-oog, is direkte afloop / grondwater / plaatvloei / oppervlakteafloop.

______________________________ (1)

2.2.3 (a) Bepaal die stroomorde van die strome in die Moloporivier-dreineer-bekken tot by punt G (Figuur 12). Voltooi die tabel hieronder.

| Stroom-orde | 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|---|
| Getal sytakke | | | | |

(4)

(b) Beskryf die vorm van die Moloporivier-dreineerbekken.

______________________________ (1)

(c) (i) Die dreineerdigtheid van die Moloporivier-dreineerbekken is laag / medium / hoog / fyn tekstuur. Kies die korrekte antwoord uit die opsies wat onderstreep is.

______________________________ (1)

IEB Copyright © 2022

(ii) Beskryf **twee** faktore wat die dreineerdigtheid van die dreineer-bekken sal beïnvloed.

(4)

2.3 **Plaaslike Valleiklimaat**

Bestudeer Figuur 13, 'n tipiese vallei in die Swartberge, Wes-Kaap.

**Figuur 13: Swartberge, Wes-Kaap**




[Bron: Eksaminator se foto]

IEB Copyright © 2022

2.3.1 In die blokkie hieronder is daar verskeie woorde. Kies die woord uit die blokkie om elke stelling WAAR te maak. Verwys na Figuur 13.

| | | |
|---|---|---|
| termiese gordel | rypholte | helling H |
| anabatiese vloei | katabatiese vloei | helling I |
| bergwind | inversielaag | |

(a) Die noordgerigte helling is …

_______________________________ (1)

(b) Die vloei van lug op met die vallei om 12:00, staan bekend as …

_______________________________ (1)

(c) Die warmste deel van die vallei in die nag is die …

_______________________________ (1)

2.3.2 Gebruik 'n diagram met byskrifte en verduidelik waarom daar in valleie soos die een in Figuur 13 gereeld rypholtes in die winter vorm.

_______________________________

_______________________________ (5)

2.3.3 Motiveer die ontwikkeling van nedersettings al met die valleivloer langs (in Figure 13).

_______________________________

_______________________________

_______________________________ (2)

**[50]**

IEB Copyright © 2022 

## VRAAG 3 NEDERSETTINGS (LANDELIK EN STEDELIK) EN EKONOMIESE AARDRYKSKUNDE

### 3.1 Stedelike Nedersetting

3.1.1 Verwys na Figuur 14 en kies die korrekte antwoord uit die gegewe opsies vir vrae (a)–(e) hieronder. Skryf jou antwoord neer in die spasie toegelaat, bv. 3.1.1 (a) E.

**Figuur 14: SSK, Polokwane, Limpopo**



[Bron: Polokwane Observer]

(a) Die hooffunksie(s) van die SSK is ...

A sekondêre ekonomiese aktiwiteite.
B primêre ekonomiese aktiwiteite.
C primêre en sekondêre ekonomiese aktiwiteite.
D tersiêre en kwaternêre ekonomiese aktiwiteite.

| 3.1.1 (a) | |
|---|---|

(1)

(b) Stedelike verval in die SSK kan gesien word aan ...

A vervalle en verlate geboue.
B hoë wolkekrabbers.
C toeganklikheid.
D vergroening van oop gebiede.

| 3.1.1 (b) | |
|---|---|

(1)

(c) Terrein-aantrekkingskrag, funksionele gerief en funksionele magnetisme wat in die SSK teenwoordig is, is voorbeelde van …

A sentrifugale stedelike kragte.
B stedelike verval.
C sentripetale stedelike kragte.
D stedelike fasadisme.

| 3.1.1 (c) | |
|---|---|

(1)

(d) Die stedelike grondgebruiksone wat gewoonlik naby die SSK is, is die …

A landelike-stedelike randgebied.
B oorgangsone.
C verwyderde besigheidsdistrik.
D voorstedelike kantoorpark.

| 3.1.1 (d) | |
|---|---|

(1)

(e) Wanneer 'n gebou in die SSK se oorspronklike funksie na 'n nuwe funksie verander, staan dit bekend as ...

A verstedeliking.
B vragverbrekingspunt.
C desentralisasie.
D indringing en opvolging.

| 3.1.1 (e) | |
|---|---|

(1)

IEB Copyright © 2022

3.1.2 Een van die stedelike probleme wat in Figuur 14 gesien kan word, is verkeersopeen-hopings en die gepaardgaande besoedeling. Ondersoek **drie** lewensvatbare oplossing vir hierdie probleme.

(6)

## 3.2 Inkopiesentrums en Infrastruktuur

Bestudeer Figuur 15 (a) en (b) van die Musina Mall, 'n inkopiesentrum van 35 000 m² wat in 2017 geopen is. Musina (bevolking 132 000) is op Figuur 2 (bladsy 3) aangedui.

**Figuur 15 (a): Musina Mall, Limpopo**




[Bron: fgprop.com]

**Figuur 15 (b): Musina Mall, Limpopo**



[Bron: Property Wheel]

IEB Copyright © 2022

3.2.1 Verduidelik die belangrikheid van die volgende geografiese konsepte ten opsigte van die sukses van 'n inkopiesentrum.

(a) Toeganklikheid

(2)

(b) Drempelbevolking

(2)

(c) Invloedsfeer

(2)

IEB Copyright © 2022

3.2.2 Figuur 16 hieronder demonstreer die nuwe Musina-sirkelroete (verbypad) wat in 2022 voltooi sal word. Hierdie R640 miljoen-projek behels die konstruksie van 'n sirkelroete van 8 km rondom Musina op die N1 vanaf Suid-Afrika na Zimbabwe. Wanneer hierdie sirkelroete voltooi is, sal voertuie wat vanaf Suid-Afrika na Zimbabwe reis nie meer deur Musina hoef te ry nie.

**Figuur 16: Konstruksie van die Musina-sirkelroete, Limpopo**



[Bron: Engineering News]

(a) Binne watter ekonomiese sektor val die konstruksie van paaie?

______________________________ (1)

(b) Lewer kommentaar op **een** voordeel en **een** nadeel van die bou van hierdie nuwe verbypadstelsel vir die inwoners en besighede van Musina.

Voordeel: ______________________________

______________________________

______________________________

______________________________ (2)

Nadeel: ______________________________

______________________________

______________________________

______________________________ (2)

IEB Copyright © 2022

3.3 **Ekonomiesegeografieterminologie**

Pas die korrekte definisie in Kolom B by die term in Kolom A. Skryf slegs die letter in die spasie toegelaat, bv. 3.3.6 H.

| **Kolom A** | **Kolom B** |
|---|---|
| 3.3.1 Skakelnywerheid | A 'n Investeringstrategie met die doel om inherente ekonomiese potensiaal in spesifieke plekke in Suider-Afrika te ontsluit deur die gebruik van openbare hulpbronne om beleggings deur die private sektor in gebiede wat die potensiaal vir ekonomiese groei het, aan te moedig. |
| 3.3.2 Kwaternêre ekonomiese aktiwiteite | B Vervaardiging wat op enige plek kan plaasvind ongeag grond, hulpbronne, arbeid en kapitaal. |
| 3.3.3 Nywerheidsontwikkeling-sones | C 'n Aktiwiteit wat goedere en / of toerusting aan ander aktiwiteite voorsien. |
| 3.3.4 Braaklandontwikkeling ("greenfield development") | D Vervaardigingsaktiwiteite wat nie van die nabye markte wat hulle bedien, geskei kan word nie. Hierdie aktiwiteite is wyd verspreid. |
| 3.3.5 Ongebonde nywerheid | E Inligtings- en kennisgebaseerde dienste. |
| | F Nywerheidsaktiwiteite in gebiede wat voorheen onderontwikkeld was. |
| | G Spesiaal geboude nywerheidsland-goed wat verbind is aan 'n lughawe of hawe en wat spesifiek gebou is vir nuwe investering deur uitvoergerigte vervaardiging en gepaardgaande dienste. |


| | |
|---|---|
| 3.3.1 | |
| 3.3.2 | |
| 3.3.3 | |
| 3.3.4 | |
| 3.3.5 | |

(5)

## 3.4 Formele en Informele Sektore

Bestudeer Figuur 17.

**Figuur 17: Grafiese illustrasie van die informele ekonomie as 'n deel van die BBP in Afrika-lande suid van die Sahara**




[Bron: IMF; Afridigest]

3.4.1 Definieer die volgende terme:

(a) BBP

________________________________________________

________________________________________________ (1)

IEB Copyright © 2022

(b) Formele ekonomie

(1)

(c) Informele ekonomie

(1)

3.4.2 Wat is die persentasie bydrae van die informele sektor tot die BBP van Namibië?

(1)

3.4.3 Wat is die persentasie bydrae van die formele ekonomie tot die BBP van Mosambiek?

(1)

3.4.4 In Nigerië dra die informele sektor die meeste by tot die BBP. Stel **een** nadeel vir die ekonomie van Nigerië voor vir hierdie groot bydrae van die informele sektor.

(2)

IEB Copyright © 2022

3.4.5 Brei uit op die belangrikheid van die informele ekonomiese sektor vir 'n land se ekonomie.

(5)

3.5 **Mynbou as 'n Ekonomiese Aktiwiteit**

Figuur 18 toon die Venetia-diamantmyn. Venetia is 80 km van Musina af, 32 km suid van die Limpoporivier. Dit is Suid-Afrika se grootste produsent van diamante en verskaf werk aan 4 365 mense. Die oopgroefmyn sal in 2022 deur 'n ondergrondse myn vervang word.

**Figuur 18: Venetia-diamantmyn**



[Bron: Mining.com]

3.5.1 Klassifiseer mynbou as 'n ekonomiese aktiwiteit.

(1)

3.5.2 Verduidelik die fisiese faktore wat die ligging van hierdie myn beïnvloed het.

(2)

3.5.3 Die myn is in die Venetia Limpopo-natuurreservaat geleë. Stel **twee** omgewingsmaatreëls voor wat die eienaars van die myn (De Beers Consolidated Mines) moet implementeer om die omliggende natuurlike omgewing te beskerm.

(4)

3.5.4 Voorspel die impak wat die sluit van die myn op die plaaslike bevolking sal hê indien dit ooit sou gebeur.

(4)
**[50]**

**Totaal: 200 punte**

IEB Copyright © 2022

**BYKOMENDE SPASIE OM VRAE TE BEANTWOORD. TOON DUIDELIK BY DIE VRAAG DAT JY DIE BYKOMENDE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER ALLE ANTWOORDE WORD NAGESIEN.**

IEB Copyright © 2022

IEB Copyright © 2022

IEB Copyright © 2022